

Kersfees, 25 Desember 2020

Fokusteks: Joh.1:1-14

Kersfees word normaalweg verbind met opgewondenheid en dankbaarheid. Die soet musiek en blink versierings in die winkels plaas jou in 'n gemoedelike stemming. Ons is in die algemeen 'n bietjie vriendeliker met mekaar en ander mense. Daar is ook geen gebrek aan rolprente op die TV met die tema van "Kersvader" nie. En hulle almal eindig op 'n gelukkige noot! Dis 'n tyd van saam kuier met jou familie, van geskenke uitdeel en 'n bietjie uitspan.

Dit is ook 'n tyd wat vir Christene reg oor die wêreld van groot betekenis is. Dit is immers die viering van die geboorte van Christus, die Seun van God. Die Een wat verlossing gebring het van sonde. Die Een wat nuwe lewe gebring het. Hierdie heerlike waarheid word beklemtoon deur die pragtige liederes in ons sangbundels en natuurlik die Skrif self. Johannes kies in sy evangelie om juis te begin met die grootheid van God wat alles en almal deur sy Woord geskep het. Jesus is God se mensgeworde Woord. Soos wat God aan die begin die donker chaos getem het deur sy Woord, en lewe in die skepping voortgebring het, so is daar in Jesus lewe en lig.

¹In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. ²Hy was reeds in die begin by God. ³Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. ⁴In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense.

Dit is hierdie wonderlike en goddelike gebeurtenis wat 'n reaksie van vreugde, lof en aanbidding by Christene behoort te ontlok. Christene is mense wat juis in vreugde en hoop behoort te leef oor die koms van Jesus na die aarde. As ons nie so leef nie, faal ons as draers van hoop en geloof. Wanneer die boodskap van die geboorte van Christus ons nie meer versterk in die geloof nie, is daar groot fout met ons begrip en verstaan van die koms van Jesus. Tog sukkel ons om die vreugde van Kersfees te beleef. Ons is dikwels diep beswaard oor die lewe, diep ongelukkig. So mis ons die wonderlike seëninge wat die Here deur sy Seun aan ons kom skenk het.

Waarom is dit so? Een rede is dat ons die grootheid van God nie meer raaksien of ervaar nie. Die opgewondenheid wat jy beleef het toe jy jou hart vir die Here gegee het is weg. Die verwondering en lof het gekwyn. Die betekenis van Jesus se verlossing het nie meer die impak van vroeër nie. Ja, ons sê dat ons dit glo, maar dit kom nie meer van harte nie. Die toestand van die wêreld waarin ons leef speel op ons in, en bevraagteken die boodskap waarin ons glo en probeer vashou. Dis maar 'n treurige Kersfees vanjaar. Hierdie Covid19-virus het ons persoonlike wêreldjies deurmekaar gekrap. Daar is verlies van dierbares, verlies van werk en inkomste. Ons leefwêreld en ons toekomsplanne is ontwrig. Daar is vrees vir die onbekende van die nuwe jaar. Die glorie van die engelekoor aan die skaapwagters wat die eer van God besing, klink maar flou en sonder glans. Vers 5 kom eintlik as 'n verrassing na die wonderlike inleidingswoorde van v.1-4.

⁵Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie.

As Jesus dan lig en lewe is, waar kom die duisternis vandaan? Ons lees in Gen.1:31 dat God na sy skepping gekyk en gesien het dat alles baie goed was. Toe was daar niks fout met die skepping en skepsels nie. Hoe het daar weer duisternis op aarde gekom? Daar is maar net een antwoord - dit is as gevolg van die mens se sonde. Die val van die mens. Daarvan lees ons in Genesis 3. Dié dag toe die mens God se Woord bevraagteken het en nie meer erkenning aan hul Skepper gegee het nie. Toe het dit vir ons donker begin word. En ons sien die impak van hierdie duisternis tot vandag toe. Die natuur kry swaar, die mensdom is siek en doen sieklike dinge. Ons het maar 'n ellendige bestaan. Laat ons geen onduidelikheid hieroor hê nie, dit is vanweë ons sonde. Soos die apostel Paulus dit verwoord in Romeine 7:21

So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen, is die slegte.

Dit is in hierdie duisternis dat God sy Seun stuur om weer lig en lewe te gee. Voorheen het God leiers soos Moses gestuur, en profete, priesters en baie konings. Maar hulle was steeds mense wat elkeen 'n stuk donkerheid in hul eie lewens gehad het. Die verlossing kon dus nooit volkome en permanent wees nie. Nou het God egter self na ons gekom deur Christus. Paulus skryf verder in Romeine 7:24,25

Ek ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here.

Waarom is God so besorg oor ons? Hoekom het Hy dit nodig geag om betrokke te raak by 'n mensdom wat deur hul eie toedoen in duisternis en ellende verval het? Dit is omdat God 'n God van liefde is. So skryf Johannes in 3:16

God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

En hoe mooi is die woorde van die Adventslied, Lied 334:1

*“God is liefde!” juig ons harte,
en bedink wat liefde doen:
dat Hy ons sy Seun gestuur het
om ons sonde te versoen.*

Die Here wys sy liefde deur sy Seun as Mens te stuur om tussen ons te kom woon. Die Jode van destyds het verwag dat die Messias 'n soort magsfiguur sal wees, wat hul vyande met geweld sal uitroei. Maar nee, God oorwin die kwaad deur sy liefde en vergifnis van sonde! Die heerlijkheid van God word gesien in die manier waarop God vir mense omgee en nie in 'n soort magsvertoon nie. Jesus het sy genade kom wys vir sondaars, siekes, armes en mense in een of ander vorm van nood. Dít is waar God se mag beleef is - deur dae van liefde. Johannes getuig daarvan in v.14

Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.

Tussen v.14 en die Ou Testament is daar 'n baie insiggewende grammatikale verbinding. Die Griekse woord wat hier met “woon” vertaal word, is baie nou verwant aan die Hebreeuse woord wat beteken om “tent op te slaan.” Of ook, om “'n woning te maak.” Die Hebreeuse woord in die Ou Testament is 'n beskrywing van hoe God sy woning onder die Israëliete kom maak het – sy tabernakel, wat 'n tipe van 'n tent was. Hierdie tabernakel was die simbool van God se teenwoordigheid, die feit dat God tussen sy mense woon. Hy woon saam met hulle en trek saam met hulle deur die woestyn. So, vanuit hierdie perspektief kan 'n mens sê van v.14 – Die Woord het mens geword en by ons kom “tabernakel.” D.w.s. die Here het Hom by ons tuis gemaak. 'n Mens tussen ander mense. Jesus is die tabernakel, die tempel, self! Want in Hom word die eer en heerlijkheid van God gesien.

Hoe sal ons op die liefde van God reageer? Hoe dink ons oor God? Is Hy vir jou 'n werklikheid? Maak sy Woord vir jou sin? Is Kersfees maar net 'n mooi verhaal van lank, lank gelede, maar wat nie meer met die realiteit van die dag rekening hou nie? Ongelukkig lees ons verder in Joh.1:9-11 oor die mens se reaksie op die koms van Jesus:

⁹Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe. ¹⁰Hy wás in die wêreld - die wêreld het deur Hom tot stand gekom - en tog het die wêreld Hom nie erken nie. ¹¹Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie.

Die woord wat met “eiendom” vertaal word, is eintlik ’n familieterm. Jesus kom na ’n familiesaamtrek, maar word nie aanvaar of deur sy eie mense ontvang nie. Hierdie mense was veronderstel om die lig te herken, maar hulle het dit nie verstaan nie. Die mens hou nie van die lig van God nie. Johannes bevestig dit in 3:20 as hy sê dat die mens wat kwaad doen, die lig haat.

Maar dit is nie nodig om so te leef nie. Jou lewe kan nuut en anders wees. Die heerlike versekering in v.5 is dat, wanneer God sy lig vir jou gee, dit nie uitgedoof kan word nie. Jesus sê self in Joh.8:12

Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.

En Paulus skryf aan die gelowiges in Efesiërs 5:8

Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig.

Hoe leef ons in die lig van God? Heel eerste is om te erken dat ons self geneig is om in die duisternis te leef, en daarom die lig van verlossing nodig het. Tweedens moet ons dieselfde liefde uitleef wat ons van God in Jesus ontvang het. Paulus noem die nuwe lewe die *vrug van die Gees* in Galasiërs 5:22,23 - *liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeðhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.*

Hierdie lig is persoonlik: dit is te vind in Jesus. Alles wat waar, goed en mooi is, kom deur die lig wat van Jesus uitstraal. Dit is wat ons met Kersfees vier. Ons het die Lig ontvang, laat ons daardeur bemoedig en versterk word. Mag sý lig in hierdie dae ook in en deur jou skyn!

Gebed (Lied 348:3)

Stille nag, heilige nag!
 Jesus, Heer, voor u mag,
 voor u ryk moet die duisternis swig;
 tot in ewigheid bly U die lig -
 Heer, gebore vir ons!
 Heer, gebore vir ons!